

Augustus 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek sal moet begin dink aan 'n ander aanhef vir die brief; die belangstelling in die geskiedenis van ou Pretoria is op die oomblik nie meer so groot nie. Of miskien is die briewe te lank en vervelig. Voortaan elke maand slegs 'n kort stukkie uit die geskiedenis van Pretoria.

### **Paul Kruger se siening oor drankgebruik en -misbruik.**

Na die oorlog van 1880-1881 het Hugo Alois Nellmapius deur konsessies die drankmonopolie in die Tranvaal verkry. Hy het die eerste stokery in 1882 op die plaas Hatherley opgerig [Eng-04 p283]. Vir baie mense was dit gladnie aanvaarbaar dat sterk drank, met die regering se goedkeuring, in grootmaat in die Tranvaal gestook word nie.

In 1883 vertrek 'n deputasie bestaande uit Pres. Kruger, ds. S.J. du Toit en Genl. Smit na Europa. Hier volg 'n verslag van president Kruger se toespraak by die geleentheid van hul afskeid. Dit het in De Volksstem van 25 September 1883 verskyn.

“Die vervaardiging van sterk drank word deur baie mense sterk veroordeel. Die maak van sterk drank is nie 'n sonde maar wel die misbruik daarvan. Drank was 'n gawe van God aan die mense om matig te gebruik en as sulks was geen sonde maar die misbruik van die gawe is wel 'n sonde.” Daarom het hy nooit die gebruik van brandewyn op kommando verbied nie, soos mense wat saam met hom op kommando was sal onthou.

Alhoewel hy nooit self drank gebruik nie weet hy dat een glas sterk drank opwekkend is na 'n moeilike dag. Maar alhoewel hy nooit brandewyn in die laer verbied het nie, het hy dronkenskap altyd streng gestraf, en hy waarsku almal ernstig om nie te veel te gebruik nie. Hy maak 'n beroep op die Landdroste teenwoordig om almal wat beskonke op straat gevind word in die tronk te sit. Ook roep hy die hulp van die geestelikes in om die kwaad van dronkenskap uit te roei deur die toepassing van kerklike tug. Hoofsaaklik doen hy 'n beroep op die beamptes dat hulle 'n goeie voorbeeld moet stel en verklaar dat hy onverbiddelik enige beampte sal ontslaan hoe hoog hy ookal staan.

### **Nellmapius en Hatherley / Eerste Fabriek**

In 1878/79 gaan Alois Hugo Nellmapius [gebore Boedapest 1847 – oorlede Pretoria 1893] 'n vennootskap aan met Robert Cottle Green van die plaas Hatherley, 17 kilometer oos van Pretoria aan die Pienaarsrivier. Gedurende die oorlog het hulle vars produkte, perde en beeste aan die boere verskaf. Wanneer presies Nellmapius alleeneienaar van Hatherley geword het is nie seker nie. In 1882 [V 82-04-05] plaas Robert C. Green nog 'n kennisgewing in die koerant wat bepaal dat daar geen uitspanning meer by die huis op die plaas Hatherly sal wees nie, maar slegs by die spruit.

Na die oorlog skryf Nellmapius 'n brief [gedateer 8 September 1881] aan “Het Hoog Edele Driemanskap en de Regeering der Zuide-Afrikaansche Republiek”

waarin hy aansoek doen om 'n brandewynstokery op die plaas te begin en ook om die alleenreg [konsessie] daarvoor te kry. Hier volg 'n uittreksel uit die brief wat verskyn in Kay-01 p37. U kan gerus die boek probeer kry en die res van die brief lees.

He had interested himself for years in the development of this valuable land and now, since the country had regained its freedom, it was not sufficient for it to have political independence alone, it must be independent in commerce and in the production of the necessities of life.

If everything had to be imported, they were giving a living to strangers in Europe, without getting anything in return. Is our country so poor, he asks, that we cannot deliver the products ourselves? Must flour be imported from Australia, because it will not grow here, and coffee, sugar, leather for harnesses and soap and candles and clothing and blankets? ... Is it impossible to produce the raw material for these in the Republic?

I maintain that they can be produced here. Only the enterprise is lacking ... The Government can help by encouragement and support in [granting] privileges, patents, monopolies, bonuses excetera ... I myself wish to help the Government and people and use my best endeavours to introduce the manufacture of two or three different products made from raw materials produced in this country. If they are exported the advantages for the country will be exceptionally great.

But, Nellmapius continues, he who begins a new enterprise runs a risk – much money and much time [must be devoted to it] and, if he is successful, others immediately follow his good example and the pioneer is in danger of being deprived of the profits that are his due.

What can the Government do for such a pioneer? he asks. I shall tell Your Honours what I propose and leave it to your wisdom to judge whether this is not really the best [way].

I plan to manufacture sugar, flour, spirituous liquors, beer, cigars, vinegar and starch; to tan leather and prepare cement from the products of this country. Large buildings must be erected for this purpose and machinery imported from Europe ... For the present I wish to build a large factory for distilling liquor from grain and other raw material ... For my security I now request the Government to grant me the privilege of the sole right to build such a factory or factories and to manufacture the two above-named products. The concession must be [in force] for at least fifteen years.

Die Volksraad het sy versoek goedgekeur en 'n maand later, op 7 Oktober 1881, word die kontrak onderteken.

Nellmapius vorm nou saam met sy vriende Sammy Marks en Isaac en Bernett Lewis 'n besigheid met 'n kapitaal van £100,000, wat in die Staatskoerant van 14 Julie 1882 geregistreer word as "De Eerste Fabrieken in de Zuid Afrikaansche Republiek (Bep.)".

In Junie 1882 word Eerste Fabrieken se kantoor in Hatherley ge-open met Vivian Pilditch as sekretaris [V 83-02-03]. Nie te lank daarna nie plaas hy advertensies in die koerant waarin hy vra om brandhout en graan te koop.

In De Volksstem van 21 Maart 1883 word berig dat die stokery by Eerste Fabrieken ge-open is en sterk drank word nou gelewer.

Die inwyding, of soos die koerant dit noem die doopfees, van die Eerste Fabrieken word gehou in Junie 1883 [V 83-06-09 en V 83-06-21]. Dit was 'n luisterryke geleentheid wat onder andere deur president Kruger en lede van die Volksraad bygewoon is. Daar was die dag ook 'n demonstrasie van Roby se stoomenjien. 'n Verslag van beide president Kurger en Nellmapius se toesprake het in die koerant verskyn.




Foto van Eerste Fabrieken uit die versameling van die Nasionale Argief [Tab 1042]. Ongelukkig is daar geen datum by die foto nie maar dit is heelwat later as 1883 geneem. Kyk die hoop brandhout regs op die foto.

lewers in my versameling het ek ook 'n foto van die besoekers wat geneem is die dag van die opening. Ongelukkig kon ek dit nie opspoor nie.

In De Volksstem van 21 Maart 1883 is die volgende beskrywing van die Eerste Fabriek deur W.H. Penning, Lid van die Soc. of Arts ens., skrywer van "Field Geology" en "Engineering Geology", ens.

Ons verlaat Pretoria langs die Middelburgse pad, steek die Apiesrivier oor en bereik die daaragter geleë heuwels vanwaar mens 'n pragtige uitsig op die dorp het, veral vroeg in die oggend as die son die Magaliesberge wat in die verte

verrys met haar strale verguld. Daarna gaan ons oor Koedoes Nek en deur die drif by Mundt vanwaar dit opdraende is na die Pienaarsrivier.

Van hierdie heuwel word ons oog getref deur 'n ongewone blik – 'n toneel meer in ooreenstemming met die vasteland van Europa as met die ope vlaktes van Suid Afrika. Eerste sien mens 'n groot gebou van vier verdiepings hoog met baie vensters en langsaan 'n skoorsteen waaruit groot swart rookwolke opstyg en kleiner stoomwolke dwarrel uit die gebou self op. Verder sien mens ook 'n paar kleiner losstaande geboutjies en dan groot koring en mielie tuine, wat die gebou byna heeltemal omsoom. Daaragter is die aanplanting van jong boompies sigbaar.

'n Paar pragtige wilgebome speel hier in die rivier waar ons dit by die drif oorsteek. Daar is moontlik driewwe net so steil soos hierdie een, maar geen een wat die Pienaarsrivier oortref. Gelukkig kom ons aan die oorkant maar daar val ons vas in 'n slykgat en kom tot die oortuiging dat 'n firma, so ondernemend soos hierdie een, binnekort die drif en slykgat sal verwyder of buite werking stel deur die bou van 'n brug.

(Daarna volg 'n volledige beskrywing van die geboue [met afmetings] en ook die inhoud en doel van elke vertrek. Die hele proses van brandewyn stook word ook verduidelik.)

#### **Bronne geraadpleeg**

Eng-04      Engelbrecht, S.P. [Dr.] **Pretoria 1855-1955.** Wallachs P. & P. Ltd. Pretoria.

Kay-01      Kay, Helga. **The tycoon and the President: Life of Nellmapius.** MacMillan South Africa. Johannesburg. 1978.

V = De Volksstem

Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel

[Jammer dit is weer so 'n lang brief. Ek wou net 'n kort stukkie skryf oor Paul Kruger se toespraak en toe ek weer sien is ek besig met die geskiedenis van Hatherley.]